Verder is die tema uitgewerk in ’n reeks toesprake deur belangrike en interessante persoonlikhede wat meestal in gemeen gehad het hulle betrokkenheid by beide Kerk en Staat en wat tot herhalens toe dit gehad het oor die huidige rewolusie in Afrika, veral sy positiewe aspek, die Kerk se foute in die verlede (en daarmee is veral gemik op die Westerse sendeling), die noodsaaklikheid van die inheemswording oftewel „Africanization” van die Kerk (hoewel dit ’n amusante feit bly dat niemand eintlik die wese van die „African personality” kan omskrywe nie en veral die opneem van die „pink African” ’n probleem bly), en die christen se roeping om betrokke te wees by die politieke en sosiale vraagstukke van sy tyd. Daar was nie veel nuuts nie, nie veel wat mens nie reeds beter uit boeke soos Sithole se „African Nationalism” geleer het aangaande die Christendom en die Rewolusie in Afrika nie. Waarskynlik is dit te gou, en is die enkele groot figure te besig met baie verantwoordelikhede dat daar noual diepe insinking en oorspronklike denke sal wees. Dat die jong Kerk egter op haar wyse wel deeglik worstel om haarself en haar taak te vind, is nie te betwyfel nie.

Opvallende persoonlikhede

’n Besondere persoonlikheid was die President van die Vergadering, sy edele Dr. John Karefa-Smart, geneesheer, predikant en eindelik ook minister van buitelandse sake in Sierra Leone; ’n man met so ’n sterk en mooi persoonlikheid en so ’n onverbloemde christelike getuienis dat hy moes indruk. Interessant was ook die uiters intelligente, bekwame, maar ietwat Ierse lid van die opposisie in Nigerië, Mnr. Bola Ige. Een wat baie byval gevind het was Mnr. Andriamanjato, burgemeester van Tananarive, moderator van die Gereformeerde Kerk en lid van die parlementêre opposisie in Madagaskar. Van buite Afrika het gekom die bekende Dr. Visser ’t Hooft, Algemene Sekretaris van die Wêreldraad van Kerke — ’n man wie se kwaliteit algemeen bekend is.

Die positiewe bydrae van die konferensie

Dit bring ons by die grootste positiewe bydrae van die Konferensie, buiten en behalwe die duidelike getuienis wat daar van die blote feit van so ’n byeenkoms uitgegaan het. Die gees was aangenaam en ope en het uitmuntende geleentheid gebied vir christene om op persoonlike vlak met mekaar te doen te kry en te ontdek wat die verband is waarin hulle besondere roeping in Afrika uitgeleef moet word, wat die wêreld is waarin hulle lewe en hoe die getuienis van die Kerk van Christus in hierdie besondere wêreld uitgedra moet word — en saam met wie. Vir my bly dit veral vir ons Suid-Afrikaanse afvaardiging ’n onmisbare ervaring. Ons ontdek weer en weer by hierdie geleentheid die tragiese feit dat christene van verskillende groepe plaaslik so min van mekaar weet dat hulle nie altyd eers bewus is van die ernstige verskille waarmee die Kerk van Christus in Suid-Afrika worstel nie; skaars kennis dra, wat nog begrip het van die sfeer waarin hulle hulle eie getuienis vandag moet uitlewe. En miskien was dit hier dat die boodskap van die Konferensie oor die betrokke-wees in die wêreld om jou heen, nie ’n ontydige woord was nie.

\*) Mef. van Heerden is een van die reisende sekretaresse van die Christen Studentenvereniging van S.A. Sy skryf hier egter in haar persoonlike kapasiteit en nie namens die C.S.V. nie.

Lesley Cawood \*)

The impact of the “Assembly” on a white South African

From the outset I was struck by the tolerance shown to the white South Africans; also by the tremendous interest in our country’s problem; and the hesitancy on the part of Africans from other areas of Africa to judge and condemn before our situation had been explained to them. If and when they condemned, they were in fact recognizing with us those things which were wrong and then they were eager to help us in any way they could, admitting that for the present the only help they could give us was by praying for us and our country. I was also struck by their openness and their refusal to accept blindly what other persons had said or written about South Africa. For instance, we were asked whether books like those written by the Rev. Trevor Huddleston, the Rev. Michael Scott, and Mr. Alan Paton, presented a true picture of our situation.

An interesting point of contrast arose between the African delegates from South Africa and those from the rest of Africa. While the latter were inclined to favour the concept of the “African personality” and looked forward to studying their own history, those from South Africa were vehement in their rejection of this concept and one of them remarked that “we might as well blow up a brown paper bag and call it the African personality”.

I am afraid that the Nairobi Assembly revealed to us as young South Africans our ignorance of the facts in our country. In general, we did not have a clear understanding or knowledge of the way in which legislative measures affected our various racial groups, and I believe that we began to understand for the first time how members of the other racial groups feel about and react to the problems which confront us.

“Martyr mentality” of all South Africans

I gained the impression that we South Africans, regardless of the groups to which we belong, suffer from a kind of “martyr mentality”: the Afrikaner sees himself as a martyr of his history and tradition; the English-speaking liberal sees himself as a misfit who cannot identify himself with the majority white opinion and yet the colour of his skin prevents him from being accepted by the non-Whites. Both white groups regard themselves as victims of the non-Whites. Both white groups regard themselves as victims of circumstances over which they have no control and they tend to excuse themselves on these grounds. The Coloured person, too, sees himself as a misfit and because of this is reluctant to take a stand as he cannot decide with which group or groups he should throw in his lot. The African has a deep-seated sense of grievance arising from past and present discrimination, and he seems to judge everything in terms of this.

This “martyr mentality” marked all our discussions and in my opinion prevented us from searching frankly and objectively for practical steps which we could jointly take to remedy our divisions. There was nevertheless a strong common loyalty to South Africa which expressed itself whenever South Africa was criticized by someone not in full command of the facts.

Our country in African context

The Nairobi Assembly offered several of us our first opportunity to see South Africa in an African context. This helped us to realise how bound up our future was with the rest of Africa. There was a great concern at the Assembly about racial discrimination in our country and the Africans from the rest of Africa identified themselves fully with their brothers in South Africa. At the same time, meeting people of the calibre of those at the Assembly gave one great hope for

the future of Africa in general, and of South Africa also.

It became clear at the Assembly that there is a strong call to Christians in Africa to serve and to witness, and it seemed generally agreed that one of the most effective fields in which to do so was that of politics. It was stressed that what was urgently needed was instruction from the Church to young people on how they could effectively and sincerely practise their Christian principles and beliefs in politics, politics in the light of service to the total community.

In conclusion, the Assembly has helped us, who were privileged to attend it, to look at our situations afresh and in many instances opened up for us a new approach to our own problems. The great experience of meeting people from different racial groups made many of us aware of how much we are missing through the lack of this contact. The change in attitude that some underwent after difficult and painful battles within themselves proved that this is a most significant way of awakening the realization in people that skin colour does not determine status and that basically all people are alike.

Should any of the proposals which were made at the Assembly be implemented, its impact will be felt in many spheres of our lives and also it is hoped, in the lives of many who were not so fortunate as to attend the Assembly.

\*) Miss Cawood was one of the Anglican Youth delegates to Nairobi.

DIE KERK IN DIE WêRELD VANDAG.

Pro Ecclesia.

AFSKEIDING IN NEDERLAND

OOR... BYBELVERTALING

In DE BAZUIN, offisiële orgaan van die Teologiese skool te Kampen, onder datum 18 Januarie 1963 lees ons dat die Christelike Gereformeerde Kerk te Puttershoek hulle onttrek van die kerkverband van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland, omdat die Christelike-Gereformeerde Sinode nie die gebruik van die Nuwe Bybelvertaling in die eredienste afkeur nie.

Die nuwe Bybelvertaling het veral woorde wat nie meer in hedendaagse Nederlands gebesig word nie, vervang met woorde wat gereëld in gebruik is. As voorbeeld dien dat die woord *verdoemenis* vervang is met *oordeel*.

Prof. Dr. G. C. Oosthuizen \*)

# TEOLOGIESE INSTITUUT TE STUTTERHEIM

Genoemde Teologiese Instituut wat vanaf 29 Desember 1962 tot 24 Januarie 1963 by die Forest Sanctuary sowat 3½ myl noord-wes van Stutterheim gehou is was 'n groot sukses. Verskillende faktore het hiertoe bygedra. 'n Mens sou graag wou begin deur te meld dat die skoonheid van die natuur, die dig beboste woude en plantasies, die pragtige watervalle vanaf die berge en die lower-groen weivelde, alles bygedra het om 'n atmosfeer van rustigheid en kalmte te skep wat só nodig is vir 'n geleentheid soos hierdie waar verskillende denominasies en volksgroepe verteenwoordig was en saamgekom het om nie alleen lesings by te woon nie maar ook van aangesig tot aangesig die mees kontensieuse sake te bespreek. Die Lutherane en die Anglikane was in die meerderheid — daar was ook verteenwoordigers van Morawiese, Nederduitse Gereformeerde, Hervormde, Metodiste, Parys Evangeliese, Baptiste en Kongregasionalistiese Kerke.

## Gees van eenheid temidde van verskeidenheid

Genoemde verteenwoordigers, hoofsaaklik dosente van die verskillende seminaries, het ook verskillende lae van teologiese opleiding verteenwoordig. Dit was ook die ondervinding van die ander drie Institute wat in Afrika plaasgevind het. Dit moet egter verwag word onder so 'n wye verteenwoordigende groep uit só veel verskillende seminaries. Die afgevaardigdes was die oortuiging toegedaan dat hierdie aspek aandag moet geniet maar dat die klem nie hierop moet val nie omdat in die diskussies oor praktiese aangeleenthede waardevolle bydraes gelewer word deur hulle wat nie bevoorreg was om 'n omvattende teologiese opleiding te ontvang nie.

Kenmerkend van die Instituut was dat daar altyd 'n konsidererende gees was met die gevolg dat 'n aangename esprit de corps opgebou is. Ten spyte van ons denominasionele en volkverskille het ons altyd die gees van eenheid en gemeenskap in Christus aanvoel en hier, soos by die ander soortgelyke Institute wat in Afrika gehou is, het die teologiese dosente mekaar ontdek, geleer om mekaar se werk te waardeer en die oortuiging het posgevat dat ons mekaar nodig het in hierdie groot taak waartoe ons almal in hierdie krisistyd sekerlik nie opgewasse voor voel nie. Teologiese onderrig moet self aan die voerpunt staan van die opbou van 'n jong Kerk wat in menige opsig 'n revolusionêre situasie deur-

maak. Hierdie ontdekking alleen het dié Instituut geregverdig.

## Bespreeking oor vrae van jong kerke.

Die diskussies oor dié aangeleenthede wat in die Jong Kerke van wesenlike belang is was altyd lewendig soos bv. die plek van die Ou Testament in die Jong Kerk in Afrika waar simboliese denke 'n prominente rol speel, die kwessie van die wanopvatting van die Heilige Gees waar die geestewêreld en die verkryging van magiese krag, so belangrik is; inheemswording van die Kerk, die in verband bring van teologiese opleiding met die situasie, die probleme van kommunikasie ensovoorts.

Interessante diskussies is gevoer oor die swakhede en behoeftes van teologiese onderrig in ons eksistensiële situasie. Dit is ook vanselfsprekend want wanneer het ons in die bykans 1½ eeue van sendingwerk op só 'n wyse so verteenwoordigend saamgekom in hierdie land! 'n Deeglike stuk werk is afgehandel deur 'n kleiner komitee waar die toelating, vakke, benadering, opleiding van vroue, ensovoorts bespreek is. Hierdie deel van die Instituut sal moontlik nog in die regte perspektief as die belangrikste gesien word.

Nadat dit alles gesê is wil dit geensins te kenne gee dat die lesings op ons geen indruk gemaak het nie. In-

teendeel, ons is die besoekende professore naamlik professor Otto Piper van Princeton en professor Th. C. Vriezen van Utrecht, innig dankbaar vir die wyse waarop hulle die lesings probeer aan die man bring het. Dit was juis dié lesings wat ons sake in ons eie situasie laat raak sien het en wat besprekings in dié verband uitgelok het. Ons het veel geleer en dit was 'n genot om weer die geheue te verfris en kennis te maak met die nuutste verwikkelinge in die Ou en Nuwe Testament. Graag sou ons wou sien dat almal die lesings gemaklik kon volg.

'n Spesiale woord van dank wil ons graag rig aan hulle wat verantwoordelik was vir die byeenkoms. Eerstens aan die Teologiese Onderwysfonds en veral aan professor H. W. Gensichen, assistent-direkteur van genoemde fonds en wat veral belas is met Afrika, aan mnr. F. J. van Wyk, die puik en toegewyde sekretaris wat alles op 'n meesterlike wyse georganiseer het. Hier vergeet ons natuurlik nie die komitee in Johannesburg met ds. Beyers Naudé as voorsitter nie. Ook ons dank aan professor Geyser ons kapelaan; aan professor W. J. van der Merwe en ds. S. Tema wie se informasie altyd vir ons nuwe lig gegee het. Ook aan ds. en mevr. E. Winckley wat alles in hul vermoë gedoen het om die tydjie aan Forest Sanctuary vir ons aange-naam te maak.

## Volgende byeenkoms

Nou sien ons uit na die volgende byeenkoms wat as tema gekies het: „Christelike Teologie in die Kontemporêre Religieuse Situasie in Afrika.” Daar is die moontlikheid dat Biskop B. G. M. Sundkler een van die besoekende professore sal wees. Sommige van die teologiese dosente wat met lang verlof na die buiteland moet vertrek aan die einde van die jaar is nou reeds besig om planne te beraam om tog hierdie mees belangrike opfriskingskursus by te woon. Hoe sou iemand dit tog kon bekostig om weg te bly as hy erns maak met die Kerk in Afrika?

\*) Prof. dr. G. C. Oosthuizen is Dekaan van die Dept. van Teologie aan Fort Hare.

## The church in the world today

ANGLICAN AND METHODIST CHURCH LEADERS DISCUSS UNITY.

Anglican and Methodist leaders agree that suggestions for uniting the Churches, published in a report by a joint official committee, merit careful study at every level. Until that has been done, some of them suggest no purpose will be achieved by strong comments either for or against.

The Archbishop of Wales, Dr Morris, says that the proposals will have to be carefully considered and he has urged his members to study them.

“The possibility of bringing together again Anglicans and Methodists, who parted company very reluctantly and who have never quite lost the feeling of spiritual kinship, is an exciting one,” he said.

The Rev. E. Benson Perkins, associate secretary of the World Methodist Council, said it would be a mistake to think that the report would be readily or immediately accepted.

“From many points of view it will cause grave concern to many Methodists. I am not suggesting that the proposals will ultimately be rejected, but they will require not months but years of discussions.

“The main concern will be over the question of the ministry, but it does seem that the Methodist Church will be required to make a considerable change, while on the other hand the Church of England will make no change at all.”

(The Star.)

WIE IS 'N JOOD?  
WORD DIT BEPAAL DEUR RAS-  
OF GELOOFSVERBAND?

Die hooggeregshof in Jerusalem het beslis dat 'n Jood wat tot die Christelike geloof oorgaan, nie meer 'n Jood in die nasionale betekenis is nie en dus nie op burgerskap van die Staat van Israel geregtig is nie. Dieselfde beslissing is nie op atelste en agnostici van toepassing nie.

(Protestantse Reveille)

## Sienswyse van lesers

### GELOFTEDAG OORPEINSING.

GEAGTE REDAKSIE,

Op 'n dag twee of drie jaar gelede, vra ons jongste seun vir my: „Mamma wat is Gelofte-dag?” Dit was na aanleiding van iets wat hy oor die radio gehoor het. Ek het effens geskrik. Moes die kind my dan vra? Het die voorvaders dan nie belowe „dat ons dit ook aan ons kinders sal sê” nie? Natuurlik het ek hom vertel toe. Maar ek het aanhou dink oor sy vraag. En hoe dieper ek gedink het, hoe ontstellender het die ontdekking geword.

Wat het geword van die ge-

lofte van Sarel Cilliers? Is dit ons nog erns? Was dit ons al ooit waaragtig erns? Was het ons gemaak van hierdie dag waaraan die Voortrekkers ons volk gebind het om dit ewiglik as 'n dankdag, soos 'n Sabbat teenoor die Allerhoogste te gedenk? Het ons dit uitgebou totdat dit skitter soos 'n helder ster aan die suiderhemel of is dit vir ons net 'n lastige verpligting? Of het ons die dag vir ons self gaan toeëien tot voordeel van ons eie volk? Wie oor hierdie vrae ernstig nadink, kan maar net een eerlike ongeveinsde antwoord

gee: Ons het gefaal. Die bedoeling was tog „dat die eer van God daardeur verheerlik sal word, dat aan Hom die roem en die eer van die oorwinning gegee moet word.” Maar hoe kan dit as ons in die eerste plek nie eers glo dat daar by Bloedrivier 'n wonder gebeur het nie?

Met die ontstellende ontdekking van die ware omvang van ons Afrikaner-volk se skandelijke versuim om 'n gelofte na te kom, in my, het 16 Desember 1962 nader gekom. Nou het ek begin oplet na tekens van erkenning van hierdie versuim onder my mense.

Ek het gesoek na tekens van erkenning van hierdie ontrou, van belydenis, van boetedoening, van nuwe toewyding. Wat ek gevind het, was beskaamd flou. Die kan beskrywe word in die woorde: Gelofte-dag het die afgelope sestig jaar letwat ontaard.

So het Gelofte-dag 1962 dan aangebreek. Dit was by die see en ons was vier persone wat stil sit en luister het na die verrigtinge by die Voortrekkermonument. Dit was in 'n tent by die see maar in die gees was ons saam daar. Met die eerste slag van die oorlose het ons stil opgestaan, die een na die ander, elkeen met ons eie gedagtes. Met innerlike deemoed het ek daar gestaan en het 'n beeld voor my oë verby gegaan. Ek het gesien hoe die sonstraal aanskuif oor die praalgraf daar in die Afrikanerdom se allerheiligste en hoe die woorde die een na die ander verlig word: ons vir jou Suid-Afrika. Meteens het 'n

hand verskyn en die letters voor my oë uitgegee. In goudskrif is dit ingegrif op die swart marmer — oorgeskryf: Tot eer van God alleen.

Dit is tyd en dit is nodig dat daar ernstig besin word oor hierdie saak. Laat ons tog nie so gou en so baie verskoning probeer soek en uitblaker nie — Verskoning sal daar altyd wees. Laat ons manmoedig ons fout erken. Laat ons in die weke wat kom, wanneer ons ons Meester volg op sy via dolorosa teen die heuvel uit, dit bely en betreur — die fout wat begaan is op Die Pad van Suid-Afrika. Laat ons lig soek hoe ons hierdie dag soos 'n Sabbat sinvol kan vier. Maar veral laat ons ernstig begin bou aan die „tempel” tot Sy eer. En, wie weet, wanneer 16 Desember 1963 aanbreek, „groots en klaar, staat God's Tempel daar — wyd in sy majesteit.”

Maria Bauwer.

# Geloof en voortbestaan volgens die

Geloof eis van die mens 'n daad met die inset van sy hele persoon, sy hele eksistensie, met liggaam en siel, verstand en krag. Geloof is nie iets wat mens beoefen net met 'n deel van sy persoon, bv. met sy verstand nie, want die teoretiese aanvaarding van 'n bepaalde leer met die verstand is nog baie ver van geloof. Netsoos Gods openbaring veel meer en heeltemal iets anders is as net die mededeling van 'n leer, so is geloof veel meer en heeltemal iets anders as net die aanvaar met die verstand van bepaalde godsdienstige waarhede (Vgl. Prof. H. de Vos, *Het Christeljk Geloof*, 1948, bl. 32). Vir geloof eis God die totale mens met sy hele bestaan op. Die mens wat glo se hele lewe, sy hede en toekoms, sy bestaan en voortbestaan word volkome bepaal deur die geloof waartoe God hom bring.

## DIE WESE VAN GELOOF

Wat die O.T. onder geloof verstaan, en wat geloof oral en altyd moet wees, word ons duidelik gedemonstreer in die lewe van Abraham, die vader van al die gelowiges. In sy lewe het God vir ons die fundamentele en essensiële van geloof geopenbaar en wat vir Abraham se geloof fundamenteel en essensieel was, is en bly ook vir ons geloof, wat ookal ons omstandighede en wat ookal op die spel mag wees, fundamenteel en essensieel. Abraham se lewe as 'n gelowige begin daarmee dat God Homself aan hom openbaar en sodanige werking op hom uitoefen dat hy positief daarop reageer. In Gen. 12, waar ons lees van Abraham se roeping, tree die twee hoofsaake van geloof al dadelik duidelik en ondubbelsinnig op die voorgrond: absolute gehoorsaamheid en absolute vertroue. Hierdie twee hoofsaake van geloof vloei nie voort uit die toevallige reaksie van 'n mens, Abraham, nie, maar hulle vloei voort en word geheel en al bepaal deur dit wat God gedoen het. Hy gee hom 'n opdrag en Hy gee hom 'n belofte. Abraham se geloofsreaksie is gehoorsaamheid aan Gods opdrag en vertroue op Gods belofte. Dit is die pad van die geloof, die pad na die toekoms, Gods toekoms, niks meer en niks minder nie, die opdrag van God as die voortstuwende krag agter hom en die belofte van God as die hoopvolle toekomsloot voor hom. Op Gods Woord kom hy in beweging en hy gaan, gaan in gehoorsaamheid én in vertroue (Vgl. Prof. A. van Selms, *Geloofshede onder die ou verbond*, 1960, bl. 34).

Abraham laat alles agter, alle vastigheid, sekerheid en sekuriteit omdat hy weet dat hy deur te gehoorsaam en te vertrou groter sekerheid en sekuriteit gevind het in God alleen. Sou hy hom sorgemaak het oor sy bestaan en voortbestaan in die onbekende land?

Dit sou maar al te menslik wees! Maar ons lees daar niks van nie, ons lees alleen dat hy gegaan het in gehoorsaamheid aan God en in vertroue op God. Hy neem nie voorsorgmaatreëls nie, hy doen geen stappe om sy voortbestaan in die onbekende toekoms te verseker nie. Goddank doen hy dit nie, want as hy dit wel gedoen het, sou hy nie die vader van al die gelowiges geword het nie en sou hy ons voorgedaan het in maatreëls wat noodwendig moes lei tot die ontduiking van absolute gehoorsaamheid

aan God en tot die stel van 'n mosie van wantroue in Gods beloftes.

## DIE NUWE NAAM

'n Geruime tyd daarna verseker God Abraham opnuut van die absolute sekerheid van sy beloftes en Hy lê dit vas in die nuwe naam Abraham, vader van 'n menigte. Daarmee waarborg God dat Abraham 'n voortbestaan sal hê. Inderdaad het God dan ook die eerste stap tot die vervulling van die belofte gedoen: Isak is gebore, in hom sal Abraham voortleef! Hoe heerlik vir 'n mens wanneer hy kan sien dat God vervul wat Hy beloof. Maar sien is nie noodwendig glo nie, geloof is juis vashou aan Gods belofte sonder om te sien. Hoe onbybels is ons bekende uitspraak „sien is glo” tog! In die geskiedenis wat nou volg wil God vir die vader van al die gelowiges en daarom ook vir ons opnuut 'n dieper les leer oor wat geloof is. Met die nuwe opdrag om sy enigste seun te gaan offer moes Abraham leer dat geloof nog steeds gehoorsaamheid en vertroue is. Die toets vir sy geloof is of hy ook nou, in die aangesig van die dood van sy hoop op 'n voortbestaan, nog sal kan glo, d.w.s. „luister na die Woord van God” (Vgl. Gen. 22 : 18) in gehoorsaamheid en in vertroue. Die offer van sy seun beteken niks minder as dat alles op die spel geplaas word nie: sy seun, sy enigste, die seun in wie sy naam moet voortleef, die seun in wie sy voortbestaan gans en al geleë is, die nakomeling wat die volgende draer is van Gods heilsbelofte vir die ganse menslike geslag. Hierdie seun moet hy gaan offer!

Laat ons eerlik wees, ons sou Abraham dit afraai. Hier is te veel op die spel! Sy voortbestaan is op die spel en gehoorsaamheid sou hier selfmoord beteken. Bowendien sou ons Abraham ernstig vermaan, baie vroom vermaan: Dink tog daaraan dat Isak 'n hoë roeping in die wêreld het, hy is die draer van die lig in 'n duistere wêreld, die draer van die blye boodskap vir die ganse menslike geslag. Hy moet bly lewe, anders is dit uit en gedaan met die Evangelie in die wêreld! Dink aan jou voortbestaan en aan alles wat daarmee saamhang! God het seker nie bedoel om hier absolute gehoorsaamheid te eis nie. . .

Abraham luister nie na ons logika nie, want hy het die ware geloof wat lynreg teenoor menslike logika staan. As God

in die een skaal van die weegskaal voortbestaan plaas en in die ander skaal geloof dan weet Abraham dat hy geloof swaarder sal moet laat weeg. Hy vertrou dat God die belofte eenmaal gegee sal nakom, dat Hy sal voorsien, dat God mag het om selfs uit die dode op te wek (Hebr. 11 : 19), dat Hy mag het om „uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek” (Matt. 3 : 9). Die afloop van Abraham se beproewing bewys dat die regte geloof nooit beskaam vir wie onder alle omstandighede luister na Gods woord in gehoorsaamheid en in vertroue.

## DIE ROER UIT GODS HANDE

Nie alleen die geskiedenis van die stamvader van Israel demonstreer hierdie kerngedagtes i.v.m. geloof nie, maar ook die geskiedenis van Israel as sodanig. Ons kan die geskiedenis van Israel noem die geskiedenis van 'n gemeenskap wat moes leer om met geloof in God alleen deur die lewe te gaan. Israel se geskiedenis is een lange les in geloof. Israel moes dwarsdeur sy geskiedenis leer dat hy moet afsien van homself en van alle dinge waarop hy naas God sy vertroue kon stel, Israel moes leer en ervaar dat sy ganse bestaan en voortbestaan as 'n volk in die wêreld geheel en al afhanklik was van sy geloof in God, en, laat ons dit nogeens herhaal, geloof volgens die Ou Testament is absolute gehoorsaamheid aan Gods opdragte sowel as 'n absolute vashou in vertroue aan Gods beloftes. Israel moes leer om te gehoorsaam onder alle omstandighede en moes leer dat Gods gebod en nie die eis van die tyd of die begeerte van die menslike hart die fundamentele eis vir sy bestaan is nie.

Nou lees ons in die Ou Testament veel meer oor die ongelooft as oor die geloof van Israel, soos die Here self van sy volk getuig „Die ganse dag het Ek my hande uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, 'n volk wat My gedurigdeur in die aangesig terg. . .” (Jes. 65 : 2; vgl. Rom. 10 : 21). Die ongelooft van Israel openbaar hom veral daarin dat Israel telkens geweier het om in gehoorsaamheid aan Gods bevels en in geduldig wag op die vervulling van Gods beloftes sy weg alleen aan God oor te laat. Hierdie ongelooft openbaar hom al spoedig na die uittog uit Egipte, toe die volk onder eie vaandel wou verder trek terwyl Moses nog op die berg was. Hoe vroom en suiwer en idealisties hierdie onderneming ook al mag skyn, in die grond van die saak was dit ongelooft. In feite het Israel daarmee die roer uit Gods hande probeer neem, wat noodwendig moes lei tot afgodery — die goue kalf (Ex. 32). Hierdie verskynsel is dwarsdeur die geskiedenis van Israel te bespeur.

Daarom het God vanaf Moses 'n hele ry predikers, die profete, gestuur om Israel die weg van die geloof aan te wys. Die taak van die profete was om in elke situasie duidelik te maak wat die weg van die regte geloof was, en omdat hierdie weg nie altyd die logiese, voor die hand liggende weg was nie, was die ware profete meestal eensame figure, sonder populariteit by die volk.

# Ou Testament (11)

## JESAJA: GELOOFSPROFEET

### IN KRISIS TYD

Dit was veral die profeet Jesaja wat by uitstek die profeet van geloof was. Met die grootste nadruk het hy verkondig wat ware geloof is en daarby het hy nie net die teorie van geloof gebring nie, maar die praktiese geloof wat in die lewe van die volk toegepas moes word, die geloof waarby die volk staan of val, die geloof waar die totale eksistensie en voortbestaan van die volk van afhanklik is.

In die jaar 734 v.C. tydens die dreigende Siro-Efraïmitiese oorlog, wat vir Juda en Jerusalem 'n krisisjaar was, het Jesaja die fundamentele en essensiële van geloof opnuut aan die koningshuis en aan die volk verkondig en met die grootste nadruk en finaliteit verklaar dat die volk alleen 'n voortbestaan sal hê indien hulle hul geloof in God alleen stel.

Die prediking van die profeet van geloof staan in 'n skerp teenstelling tot die politieke bedrywighede van koning Agas en die politici van sy dae. Deur die dreigende opmars van die Assiriese grootmag, die destydse gevaar uit die Ooste, is die voortbestaan van Juda op die spel geplaas soos nog nooit tevore nie. Die nuwe oorlogsugtige heerser van die Assiriese ryk, Tiglat-Pileser III, het krygstogte na die Weste begin onderneem en het daarmee al die klein staatjies in die Weste, soos Sirië, Israel en Juda, bedreig. Koning Peka van Israel, seker 'n praktiese politicus, en Resin van Sirië het toe probeer om die klein staatjies in die Weste in een anti-Assiriese blok te organiseer. Toe Agas van Juda weier, seker onder invloed van die prediking van Jesaja, het Peka en Resin teen Jerusalem opgetrek om Agas en Juda in die anti-Assiriese verbond in te dwing. In hierdie kritieke situasie stuur die Here Jesaja met die prediking van geloof:

„As julle nie glo nie, voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie” (Jes. 7 : 9). Met 'n veelseggende en frappante woordspel maak Jesaja duidelik dat die voortbestaan van die volk absoluut afhanklik is van hul geloof in God alleen. As hulle nie glo nie (ta'âmênu), dan sal hulle nie kan standhou of voortbestaan nie (tê'âmênu).

## GELOOF EN VOORTBESTAAN

Dit is nie 'n toevallige woordspeling nie, want die woord vir „glo” en die woord vir „bevestig word” of „standhou” word in die taal van die Ou Testament van een en dieselfde woordstam afgelei. Wie glo, d.w.s. in God glo, sal standhou, sal 'n voortbestaan hê. Dit is nie die geloof in een of ander politieke bedrywigheid wat die voortbestaan van die volk sal verseker nie, maar geloof in die Here alleen, want volgens die ondubbelsinnige getuienis van die Ou Testament is dit alleen in God dat mens kan glo. As Agas en Juda sou meedoen aan die politieke bedrywigheid van Peka en Resin ter wille van die voortbestaan, sou dit 'n mosie

van wantroue in die Here beteken. Jesaja maak duidelik dat ware geloof iets totaal anders is as voortbestaanpolitiek en dat die voortbestaan van die volk geheel en al afhanklik is van en direk saamhang met die geloof in God. Hierdie ware geloof is weer, soos altyd, absolute gehoorsaamheid aan en absolute vertroue in God en Hom sy gang laat gaan.

Agas het hierdie prediking nie begryp nie en sy vrees vir die noordelike bure het hom daartoe gebring om tog sy eie maatreëls te tref, deur die hulp van Assirië in te roep. Hierdie maatreëls van Agas, wat sy politiek bo geloof, bo gehoorsaamheid en vertroue gaan stel het, was die eerste stappe op die weg na die volledige ondergang van Juda, wat vir 'n tydlank vertraag is deur die bekering van sy opvolger Hiskia, maar daarna gaan dit snel afdraand totdat die volk 'n eeu later volledig ondergegaan het omdat hulle en hul leiers in ongelooft volhard het.

Die Bybel se getuienis oor geloof en voortbestaan is onomwonde en ondubbelsinnig dit: Wie nie glo nie, d.w.s. God absoluut gehoorsaam en vertrou, het nie 'n voortbestaan nie. Wat in die tyd van Abraham gegeld het en in die tyd van Agas, geld ook nou nog vir ons ongehoorsame geslag, ons wat geloofsgehoorsaamheid en geloofsvertroue offer op die altaar van ons afgod Voortbestaan. Sal ons nie nou erns maak met die ou-testamentiese prediking van geloof nie, juis omdat ons Here Jesus Christus ons uitdruklik waarsku dat wie sy lewe wil red, dit sal verloor?

## TEOLOGIESE OPLEIDING IN DIE VERENIGDE STATE

Amerika maak beslis erns met die opleiding van predikante. Daar is nie minder as 84 teologiese fakulteite waarin predikante hul opleiding ontvang nie. Dit moet in gedagte gehou word dat daar 'n halfmiljoen predikante en geestelikes in Amerika is, en onder die Protestantse kerke alleen is daar 84 teologiese fakulteite. Onder hulle is daar wel ook die kleineres wat met seminaries en fakulteite in Suid-Afrika vergelyk kan word wat studentetal en leerkraggetalle betref, maar daar is ook die reuse onder die teologiese opleidingsentra. Princeton wat tans sy 150 jarige bestaan feestelik herdenk deur 'n reeks teoloë van wêreldfaam as besoekende dosente te ontvang (onder andere ook Karl Barth) het nie minder as 51 leerkragte in die teologiese afdeling nie. Union Theological se studentetal van bykans 1,500 kom uit 47 lande, en hierdie seminarie in die hartjie van New York tel van die bekendste teoloë en grootste predikers onder sy doserende personeel. Yale Divinity School in New Haven en Harvard in Cambridge, Massachusetts is wêreldberoemd vir die akademiese standaard wat daar gelewer word.

(A Teenager, a representative of a Christian Youth organization)

## "THE CHURCH DOES NOT PRACTISE WHAT IT PREACHES"

"TEENAGERS AREN'T INTERESTED IN RELIGION — they just want to enjoy themselves and have a good time," someone said to me the other day. Is it true? Do we really have a selfish approach to like?

Like many answers to teenage problems, the answers to these questions cannot be given in slick, cut and dried phrases. Perhaps the wisest way to answer them is with that well worn phrase — "It depends."

Most teenagers lead pretty crowded lives. The business of growing up occupies a lot of time. A teenager is interested in getting the feel of life — in experiencing as much as he can; in letting off steam; in enjoying the world around him to the full.

Teenage years are crammed with fun and excitement — or should be.

But all this activity is only part of a great adventure — the adventure of discovering ourselves and where we fit in to this crazy world. And the adventure is not complete unless we shade in the vivid colours of action with the more serious hues of thought.

All humans are curious right throughout their lives. But there are two stages of our lives when we ask more questions than at any other time — before we turn seven and in our teenage years.

All our questions are asked for a purpose. In the first stage, we ask questions to prepare ourselves for childhood. In the second we are preparing to be adults.

The questions which we teenagers ask cover the whole range of our experience. We ask questions about careers, about dating about dress, about friendship. We ask about all the things which puzzle us.

We ask why we are here. But if we know that some square wants to shove his opinion down our throats on any subject, we just don't ask questions about that subject — at least — we don't ask the square.

It's not that teenagers can't find answers to their problems. On the contrary, there are too many answers — but they are the wrong kind.

### Pro Veritate

Verskyn die 15de van elke maand.

**Korrespondensie en Administrasie:**  
Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:  
Posbus 487, Johannesburg.  
P.O. Box 487, Johannesburg.

**Redaksie:**  
Dr. P. G. Geertsema,  
Prof. dr. J. C. G. Kotzé,  
Dl. E. E. Mahabane,  
R. Orr,  
Prof. dr. A. van Scims en  
ds. J. W. Wessels.

**Eindredakteur:**  
Ds. C. F. B. Naudé.

**Intekengeld:**  
Republiek van Suid-Afrika,  
S.W.A., die Rhodesië en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar.  
Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitmaak word aan „Pro Veritate“ (Edms.) Bepark.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bepark.  
Olifantslaan 11, Potchefstroom.

attached — not commands. We want to have the right to make our own mistakes and to learn from them ourselves."

What has all this to do with religion? The church has always been a place where people can go with their problems. Are teenagers going there today? If not, why?

Many churches are half empty. Their congregations are made up of adults and old people, with women in the majority. The teenagers are absent.

There are three reasons why teenagers don't want much to do with the church today.

"The church doesn't talk our language," we say. "We hate organ music — we think 'dog collars' are stupid. The whole set-up is outdated. We don't want to hear about Jeremiah or Moses — we don't want to be preached at. We want to have a chance to ask our questions and get answers that make sense — that can be put into practice."

The second thing teenagers dislike about the church is its list of "don'ts." "Ministers seldom speak out about teenagers

With acknowledgement to "The Star" of February 2, 1963 and with permission of the writer. Please see our editorial columns in our February issue.

except to condemn," we say. "Their view of life is narrow and stodgy. They condemn all our pleasures as sinful without ever really having given them a chance. And they offer nothing in their place."

"They are so busy preaching against the twist that they never get down to helping us with problems about jobs — or going steady — or politics. It's all "Don't, don't, don't!"

"There's nothing much left in life when they're through with it except eating, sleeping, singing and praying."

The third reason? "The Church doesn't practise what it preaches," say teenagers. "Ministers tell us they can teach us all about living in peace and harmony, but the churches bicker and squabble all the time."

"They say we should love our neighbours but they are more interested in spiritual 'scalp hunting' than in showing practical love to people outside their own little clique."

"The say they have a message that can turn a world of hell into heaven, but the histo-

ry of the church shows that this message just hasn't worked."

There is a lot of truth in what we teenagers say about the church. But let's be fair.

If things aren't as we like them, then it's up to us to change them. We would all agree that what teenagers need today is not so much criticism as friendly co-operation. The same applies to the church.

Are teenagers irreligious? No. But many of us have a kind of religion which others don't understand.

Every one of us believes in something — even if it's the girl next door, or just ourselves, or our group, or even simply the accuracy of our criticism.

And the things in which we put our trust are our gods.

Teenage gods often come in very human forms. We may worship the local twist king or the school sportsmaster.

But when we're faced with questions like: "What should I think or do about the atom bomb?" It's then that we realize that our gods are too small.

## Die Kerk in die wêreld vandag



pro ecclesia

WAT IS DIE KERK?

Verklaring deur die Wêreld Evangeliese Alliansie.

„Die Kerk van God bestaan uit sy uitverkorenes van elke land en ouderdom wat met Christus verenig is deur sy genade deur geloof en in wie die Heilige Gees woon. Hierdie eenheid met Christus, aangedui deur die doop alhoewel nie daardeur geskep nie, kom tot sigbare uiting wanneer gelowiges saamkom vir aanbidding en die bediening van die Woord en aan die Nagmaalstafel.

„Hierdie geestelike eenheid kom verder tot uiting wanneer Christene met verskillende tradisies saam deelneem aan die Nagmaal ongehinder deur verskille oor sake van sekondêre belang. Die bestaan van hierdie Godgegewe eenheid stel Christene egter nie vry van te probeer om die verskillende gesigspunte wat oor die sake van sekondêre belang soos vorms van aanbidding, regeringstelsels en bedieningsordes bestaan, te begryp nie.

„Nogtans is daar sekere leerstellings waarvoor geen kompromis moontlik is nie, soos die drie-eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees; die godheid van Christus; die algenoegsaamheid van sy versoeningswerk vir die redding van mense; die oppergesag van die Heilige Skrif in alle sake van geloof en praktyk; die regverdigmaking van die sondaar deur die genade van God alleen deur geloof en die priesterskap van die hele kerk waardeur elke gelowige direkte toegang het tot God die Vader deur die een Middelaar Jesus Christus. In die mate waarin die kerke (of hulle lede is van die Wêreldraad van Kerke al dan nie) in gebreke bly om hierdie waarhede te verkondig, in daardie mate skiet hulle te kort om kerke in die Nieu-Testamentiese betekenis te wees, alhoewel individue binne daardie Kerke ware gelowiges mag wees.”

### DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS — 400 JAAR OUD.

In 1963 sal die Heidelbergse Kategismus 400 jaar in gebruik wees. In ons gedagtes reis die gestaltes van Ursinus en Olevianus weer voor ons op, as die onvergeetlike opstellers van hierdie leerboek. In Duitsland word daar 'n posseël uitgegee om hierdie gebeurtenis te gedenk. Waarom kan dit nie ook in ons land gedoen word nie, die land wat hierdie Protestantse erfenis deur drie eeue bewaar en uitgebou het?

### PROF. N. B. STONEHOUSE OORLEDE.

Op 60 jarige leeftyd het prof. N. B. Stonehouse van die Westminster seminarie die tydelike met die ewige verwissel. Hy sal onthou word as een van die medewerkers van die Christelike Ensiklopedie, en veral sy bydrae oor die Fundamentalisme is uiters leerzaam en insiggewend.

### CHURCH ATTENDANCE IN FINLAND

New statistics from Finland show that about 3 per cent of the population there attends church on an average Sunday. In some towns the figure is as high as 15 per cent, but in a number of industrial areas it is less than 1 per cent. About 6 per cent of the population has signed the civil register and thus does not belong to the Lutheran state church. Of these it is estimated that about 60 per cent are Communists and about 20 per cent Social Democrats.

(Christian Century)

### CATHOLICS INCREASE

According to statistics compiled by the Catholic Students' Mission Crusade there are now 558 million Roman Catholics in the world, an increase of 8 million in the past year. The world population grew even faster, however, so that the new figure represents 18.2 per cent of the world population, down from 18.3 per cent a year ago. The study found Andorra the "most Catholic" country, with all its 6,000 citizens Catholics; "least Catholic" country is Greenland, where there are only seven Catholics in a population of 31,000.

The Christian Century

### EERSTE DALING IN KERKLIDMAATSKAP IN 100 JAAR — V.S.A.

Volgens die 1963-uitgawe van die jaarboek van Amerikaanse kerke was daar verlede jaar vir die eerste keer sedert 1870 'n daling in kerklidmaatskap. Lidmaatskap aan kerke in Amerika het gedaal van 63.6% van die bevolking na 63.4%. Hierdie aftakeling van lidmaatskap het in dieselfde verhouding by katolieke as by Protestante voorgekom. Hoewel die bevolkingsaanwas 1.6% was, het lidmaatskap van kerke met 1.4% gegroei. Uitgawe vir kerkbou het oor die afgelope jaar ook met 32 miljoen dollars gedaal.

### WORD ONGELETERDES

#### IN AFRIKA VERGEET?

Daar bestaan 'n wanopvatting dat Afrika met onafhanklikwording skielik 'n kontinent van intellektualisme geword het en dat die enigste behoefte dié aan lektuur is. Christelike lektuur by die miljoene eksemplare is beslis nodig vir die geletterdes, maar daar is altyd die gevaar dat die ongeletterdes vergeet sal word. In 'n onlangse artikel in die tydskrif Time het 'n oorsig van 27 Afrikavolke, die meeste van hulle jong volke wat onlangs onafhanklik geword het, 'n gemiddelde persentasie van 85 persent ongeletterdheid aangetoon. Dit het gewissel van soveel as 98 persent in die Republiek Niger tot 50 persent ongeletterd in Kenia. Dit het nie lande soos Ethiopië met 85 persent of meer ongeletterdheid ingesluit nie, want Ethiopië is al vir baie jare 'n soewereine volk. Daar word dus aangegeef dat 'n intensiewe Evangelisasieprogram nodig is deur die hele Afrika met die doel om manne en vroue, hoofsaaklik ongeletterd, na die Here Jesus Christus te bring en om hulle te leer lees en skryf. Bid vir 'n magtige golf van Evangelisasie dwarsoor die vasteland.